'n Aand in die Museum

Kom deel in 'n aand wat jy nooit sal vergeet nie!

Nag toere – opvoedkundige pret vir die hele gesin

Besoekers is welkom om te bespreek vir 'n nag toer. Hierdie ervaring is baie anders as die begeleide toere gedurende die dag omdat besoekers oorslaap by die Museum en die uistallings gedurende die aand beleef.

Nag toere sluit die volgende aktiwiteite in:

1. Aankoms by die Museum en oriëntasie
2. Begeleide toer van die Museum
3. Aandete
4. Skatte jag
5. Diere vasvra
6. Verversings
7. Fliek of selfstudie tyd
8. Besoek aan die ontdekkingssentum

Toere kan ook ander aktiwiteite insluit op versoek. Bespreek jou behoeftes met die gids wanneer jy die bespreking maak.

Die kostes van die nag toer word as volg verdeel:

1. Aandete
2. Verversings
3. Begeleide toer
4. Opvoedkundige aktiwiteite – bespreek asb. jou behoeftes met die persoon wat die bespreking neem.
5. Toegangsgeld vir die Museum en die Ondekkings Sentrum
6. Veilige parkering – Minnaar Straat (Agter Museum)
7. Ligte ontbyt

Koste:

R150-00 per persoon. Neem asseblief kennis dat die minimum bespreking 25 persone is om 'n bespreking te maak vir hierdie toer.

Antwoorde op die mees populêre vrae:

1. Hoe sluit ons aan by die groep?

Die gids wat die nag toer behartig sal jou by die ontvangs van die Museum of by die parkeer area ontmoet – Minnaar straat.



2. Wat gebeur as die groep laat kom?

Bel asb. om jou gids in kennis te stel – 012 322 7632. Let daarop dat daar 'n 30 minute periode geskenk word vir laat kommers. **Niemand sal tot die perseel toegelaat word na hierdie tyd nie.**

3. Wat moet ek saam bring?

Slaap sak en kussing
Persoonlike benodighede (seep, waslap, handdoek ens.)
Klere (gemaklike klere wat warm is in die winter)
Diep bord (tin of plastiek)
Beker (tin of plastiek)
Eetgerei
Vaddoek
Pen en/of potlood
Enige addistionele versnapperinge of koeldrankies
Flits of koplig

4. Watter tipe kos word bedien op die nagtoer?

Die tipe kos en enige spesiale dieetkundige behoeftes sal bespreek word wanneer die gids die bespreking vir die nagtoer neem.

5. Mag ons eie kos of drankies na die toer toe gebring word?

Ja – enige addisionele versnapperinge of drankies mag op die nagtoer gebring word.

6. Waar gaan ons slaap?

In die Museum – indien groepe gemengde geslag is sal die seuns en meisies geskei word en in apparte uitstallingsale slaap. 'n Toesighouer van die selfde geslag moet saam met die groep in die uitstallingsale bly vir die aand.

7. Wat gebeur indien 'n lid van die groep nie meer op die toer kan gaan nie?

Daar word ongelukkig geen terugbetalings gedoen vir nagtoere nie. Bewys van betaling vir alle lede is die enigste manier om jou bespreking te verseker. Let daarop dat die volle bedrag betaalbaar is 'n week voor jou besprekingsdatum.

8. Watter dele van die Museum gaan besoek word?

Die hele Museum sal oop wees vir besoekers. Daar sal ook geleentheid wees om onafhanklike ondekking te doen.

9. Wat gebeur indien iemand siek word gedurende die toer?

Alle gidse is opgelei in noodhulp en kan nood situasies hanteer. Indien iemand siek word en nie die program kan voltooi nie, kan daar reëlings getref word dat die persoon vroeër kan huis toe gaan.

10. Hoeveel mense kan 'n nagtoer bywoon?

Kleiner groepe is meer voordelig want hulle kan dan indivudele aandag kry van die gidse. Bevestig die groote van jou groep met die persoon wat jou bespreking neem. Vir praktiese redes kan groepe groter as 60 nie geakommodeer word nie.

11. Is die uitsallings toeganklik vir mense met gestremdhede?

Ja – stel asseblief die gids wat die bespreking neem in kennis indien daar persone met gestremdhede op die toer gaan wees.

12. Hoeveel volwassenes moet groepe leerders vergesel?

Volwassenes moet leerders vergelsel indien die leerders van skoolgaande ouderdom is. Twee volwassenes word verys vir elke 25 kinders. As die groep gemengde geslag is, moet die volwassenes ook twee geslagte wees sodat elke slaap groep 'n volwassene saam met hulle het.

13. Waar kan ons aantrek vir bed tyd?

Badkamer fasiliteite is beskikbaar en sal aangedui word deur jou gids. Neem asb. kennis dat daar slegs basiese geriewe is en daar ongelukkig geen stort of bad geriewe is nie.

14. Waneer ontvang ek 'n bewys van bespreking?

Wanneer 'n bespreking gemaak word is die bespreking slegs tydelik tot die betaling ontvang is. Bewys van betaling kan gefaks word na (012 322 7939) of per e-pos gestuur word na (erna@nfi.museum or fortunate@nfi.museum or mashudu@nfi.museum). E-pos word verkies en ons sal ook jou besprekings bewys vir jou e-pos of telefonies met jou bevestig.

15. Mag ons verjaarsdag koek bring op die nagtoer?

Ja – stel asseblief jou gids in kennis met jou aankoms sodat die koek veilig kan bewaar word tot daar geleentheid is om dit te nuttig.

16. Is daar 'n plek waar ons slaap toerusting gebêre kan word voor en na die nagtoer?

Ja – met jou aankoms sal die gids jou vergesel na die plek waar al jou slaap benodighede gestoor kan word tot slapenstyd.

Stuur asb. die aanstaande vorm terug aan ons (e-pos or faks) of tree gerus persoonlik in verbinding met die personeel van die Departement van Publieke Programme vir meer inligting.

Naam van die groep/skool:	
Datum van die nagtoer:	
Hoeveelheid volwassenes:	
Hoeveelheid kinders:	
Naam van persoon wat die reëlings tref:	
Kontak nommer:	
Spesiale spyskaart behoeftes:	
Spesiale belangstellings of programme:	

Ek onderneem om by die Minnaar straat ingang van die Ditsong: Nationale Natuurhistoriese Museum te wees om 17:30. Verder ook dat ek verantwoordelik sal wees vir die goeie gedrag en dissipline van die groep wat ek vergesel. Die toer gidse sal my ondersteun sodat die Museum reëls en regulasies altyd gevolg word vir die welstand van alle betrokke persone en ook die uitstallings.

Selekteer asb. 'n fliek of dokumentêr:

TITLES AVAILABLE	√
Night at the Museum	
The living planet	
Earth	
Lost worlds, vanished lives	
Life on Earth	
Walking with Dinosaurs	
The private lives of plants	
Trails of life	
Life in the Undergrowth	
Own – provide DVD yourself	

Handtekening:	
Datum:	

Los asb. die volgende tuis:

PSP's, game boys, multimedia spelers insluitend mp3 en mp4's.

Bring gerus 'n kamera saam om foto's te neem maar jou besittings sal jou eie verantwoordelikheid bly. Skoene moet ten alle tye gedra word.

Let wel: Museum gidse kan nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies of skade aan enige persoon of besittings. Deur deel te neem aan die nagtoer, neem elke persoon die risiko op hulself.